



A r o s

Kennisgewing vanuit die Rektor se kantoor rakende Covid-19

Die Aros Bestuur en Personeel wil ons dank uitspreek aan elke student wat in hierdie uitdagende tyd steeds poog om 'n sukses te maak van 'n akademiese jaar waarvan niemand van ons tans seker is die uitkoms gaan wees nie. Dit is egter vir elkeen van ons van kardinale belang dat die akademiese jaar 'n sukses is en daarom gaan werksaamhede van Aros personeel voort en om aan elke student ondersteuning te bied.

Na die President se aankondiging op 9 April 2020 dat die inperking tot 30 April 2020 verleng is, word die kontaksessies vir week 10 en 11 geraak. Soos reeds in die vorige skrywe gekommunikeer, sal week 10 (17 & 18 April 2020) se kontaksessies aanlyn voortgaan en dieselfde reeling sal geld vir week 11 (24 & 25 April 2020). Hierdie kontaksessies sal soos die vorige kontaksessies in elektroniese formaat aangebied word. Dit geld ook vir die geskeduleerde semestertoetse. Die toetse word in bepaalde groepe afgelê sodat ons stelsel dit gemaklik kan hanteer. Al die nodige reëlings en tye sal op die studenteportaal gekommunikeer word. Die reelings rondom die semestertoetse van 24 & 25 April 2020 sal gekommunikeer word. Vind asb hieronder reelings rakende week 10 (17 & 18 April 2020) se semestertoetse en geld vir die Vrydag en Saterdag studente:

Vrydag 17 April sal die volgende modules hulle eerste geleentheid skryf:

ONHT111 14:00

IWIS111 16:00

BYBK211 18:00

Saterdag 18 April sal die volgende modules hulle eerste geleentheid skryf.

ONLV311 9:00

WTEG311 11:00

SWET311 13:00

WTEG411 15:00

Die Aros selnommer (078 682 8924) sal tydens toetse beskikbaar wees vir enige navrae. Hierdie nommer word op e-Klas tydens toetse aan studente beskikbaar gestel.

Indien 'n student tydens die toetse om een of ander rede 'n tegniese probleem ondervind of ander buitengewone omstandighede ervaar, kommunikeer asb met jou

T 012 332 3227/8

Posbus 31120

F 012 332 3266

Totiusdal, 0134

E info@aros.ac.za

Dickensonlaan 1180

W www.aros.ac.za

Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienumer: 2012/HE08/001.



A r o s

dosent. Ons sal elke geval op meriete en met deernis hanteer. Jy sal ook op die rooster merk dat daar ruim geleentheid is vir 'n tweede geleentheid.

Wat Praktiese onderwys aanbetref: ons sal met julle kommunikeer sodra ons meer inligting van die Onderwysdepartement af ontvang rakende die heropen van skole. Ons is reeds in gesprek met die skole en alle reelings sal vroegtydig gekommunikeer word.

Ons wil ook vra dat studente asseblief in hierdie tyd geduldig sal wees met die beskikbaarstel van punte vanaf die dosente. Die proses vat tans langer, maar dosente poog om die punte so gou moontlik te kontroleer en ook beskikbaar te stel.

Ons tref hierdie reëlins om een rede: ons wil graag hê dat jy 'n sukses van jou studiejaar maak en wil ook graag hê dat jy jou studie in die vasgestelde tyd voltooi. Nie een van ons wil hê dat jy langer moet studeer as wat dit nodig is nie. Ons wil egter ook nie ons kwaliteit inboet nie. Jy moet uiteindelik trots wees op die graad wat jy ontvang. Ons vra dat julle met verantwoordelikheid die volgende weke goed gebruik om op datum met jou werk te bly.

Ons bid vir elkeen van julle en vir ons land. Mag die Here wat regeer op Sy tyd uitkoms gee.

Prof PH Fick

14 April 2020

T 012 332 3227/8

Posbus 31120

F 012 332 3266

Totiusdal, 0134

E info@aros.ac.za

Dickensonlaan 1180

W www.aros.ac.za

Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienumer: 2012/HE08/001.